**Skriflesing:** 2 Konings 4: 1 – 7; Filippense 4: 2 – 9
Teks: **2 Konings 4:4; Filippense 4:6,12**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 105: 1,2,5**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2, 9; Ps. 19:4; Ps. 133:1,2; Ps. 89:6,7**

**2 Konings 4: 1 – 7**

2Ki 4:1 En 'n sekere vrou uit die vroue van die profete-seuns het na Elísa geroep en gesê: U dienaar, my man, is dood, en u weet self dat u dienaar die HERE gevrees het; nou het die skuldeiser gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem.
2Ki 4:2 Toe sê Elísa vir haar: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie, behalwe 'n flessie met olie.
2Ki 4:3 En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie.
2Ki 4:4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.
2Ki 4:5 Sy het toe van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; en terwyl hulle vir haar aanbring, giet sy in.
2Ki 4:6 Sodra die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan die olie staan.
2Ki 4:7 Daarop kom sy om dit die man van God te kenne te gee; en hy sê: Gaan verkoop die olie en betaal jou skulde; van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.

**Filippense 4: 2-13**

Php 4:2 Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here.
Php 4:3 En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is.
Php 4:4 Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!
Php 4:5 Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.
Php 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.
Php 4:7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.
Php 4:8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.
Php 4:9 En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.
Php 4:10 Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad om iets te doen nie.
Php 4:11 Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp.
Php 4:12 Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.
Php 4:13 Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

**Skriflesing:** 2 Konings 4: 1 – 7; Filippense 4: 2 – 13
Teks: **2 Konings 4:4; Filippense 4:6,12**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 105: 1,2,5**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2, 9; Ps. 19:4; Ps. 133:1,2; Ps. 89:6,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Elisa was in baie opsigte iemand wat op groot wonders van die Here kon wys. Wonderlike dinge wat Elisa kon regkry. By meer as een geleentheid het hy lewe uit die dood kon gebied. Ons weet van die vrou van wie hy haar seun uit die dood lewendig gemaak het. Selfs na Elisa se dood dan spreek die lewe nog. Daardie aangrypende gedeelte in 2 Konings 13 waar mense besig was om 'n man te begrawe. Skielik het 'n bende rowers hulle wou

oorval.  Dan die gebeure in vers 21- *Hulle het die man se lyk in Elisa se graf gegooi. Toe die lyk aan Elisa se bene raak, het die man lewend geword en regop gaan staan.*

***

Merkwaardige dinge wat rondom Elia maar dan veral ook Elisa gebeur het.  So baie van die dinge wat profetiese heenwysing was ná dit wat Jesus Christus later op hierdie aarde sou kom doen.  Nie alleen in die wonders wat plaasvind nie, maar was Elia en Elisa albei manne wat andere wou leer en toerus.  So was hulle ook voorlopers van die volmaakte Leermeester, Jesus Christus wat die volmaakte leer sy volgelinge wou leer.

***

Elisa was leermeester ook in meer opsigte.  Daar was studente, die Bybel noem hulle profete-seuns wat by Elisa geleer het.  Ons kan hulle noem daardie tyd se teologiese studente.  Hierdie skole van profete seuns het hulleself in kleiner kringe gevestig en het Elia en dan later ook Elisa dikwels hierdie skole besoek om nog weer onderrig te gee.  Sulke studente het dikwels finansieel ook swaar gekry.  Daar was ook die besondere gebeurtenis in 2 Konings 6 waar die studente besig was om hulle woonplek groter te wil maak.  Hulle het gekla dat die plek waar hulle bly is te nou.  En terwyl hulle gegaan om balke te kap om hulle huise groter te maak het die een student se byl in die water geval. Watter verleentheid was dit nie vir hom nie.  Hy roep uit en sê vir Elisa *... Ag tog, Meneer, en dit was boonop 'n geleende byl!"* (vgl. 2 Kon 6:5).  Daar was nie geld dat hulle hul eie byle kon aanskaf nie.  Weer lees ons van die besondere wonders wat Elisa gedoen het. Elisa het vir die student gevra waar die byl naastenby uit sy hand gegly het.  Toe het Elisa daar 'n stuk hout op die water gegooi en die byl het bo die water gedryf.

***

Daar is sekerlik nog heelwat meer van die wonders wat ons by Elisa sal kan stilstaan,  maar vandag se wonder raak een van die vroue van so 'n profete-seun.  Soos hulle mans deur die jare van onderrig swaargekry het was die vroue aan dieselfde swaarkry blootgestel.  Ons teksverse is vandag besig met die vrou, van wat ons kan noem 'n teologiese student.  'n Vrou in groot nood. Ons het gelees hoe sy haar lot by Elisa bekla het ... *U dienaar, my man, is dood, en u weet self dat u dienaar die HERE gevrees het; nou het die skuldeiser gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem.*

Soos Elisa baie mense wou help, hy baie mense kon help, so wil hy ook die vrou help. Tog moet hulle hul samewerking gee. Dit het Elia al gewys by ’n wonder wat eintlik nou aansluit by die wonder van Elisa vandag. Toe Elia in die vreemde Sarfat kom, ook aan huis van ’n vrou met ’n bietjie meel en laaste bietjie olie toe dit droog was en daar hongersnood was. Sy moes eers vir Elia iets te ete maak en dan vir haar en haar seun. God het deur Elia gesorg dat die meel in die kruik en die olie in die fles nie opgeraak het nie.

***

Elisa, wat Elia sou opvolg staan nie minder verleë in die gesig van die arme weduwee wat hulle haar kinders klaar as slawe weggeneem het omdat sy nie haar skulde kan betaal nie. Deel van die skulde wat dalk ook nog haar oorlede man se deel was. Hy wat gesterf het vóór hy sy skulde kon betaal. Die skuldeisers het wel die reg van daardie tyd aan hulle kant gehad. Die Wet het bepaal as die skuld nie betaal kan word nie dan moet die kinders as slawe gaan werk vir die mense aan wie geld geskuld was. Sulke slawe sal na ’n tyd wat genoem is die jubileumjaar/hersteljaar (die 2020 Vert gebruik die mooi woord van ’n jubeljaar) wéér van hulle slawerny vrygestel kon word (vgl. Lev. 25:39-40). Die vrou by Elisa het nie kans gesien dat daar eers n jubeljaar vir haar seuns moes aanbreek nie. Sy is opreg in haar groot nood as sy na Elisa kom. *Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak.”*

***

As Elisa haar vra wat sy in haar huis het dan noem sy al wat van waarde is, is die kruikie met olie. En dan tree die gemeenskap in werking. Wonderlik watter diep lesse God ons nie alleen vanuit onsself wil leer nie, maar watter lesse daar uit die gemeenskap van die heiliges behoort geleer te word. Sy het bure, onthou jou bure, gaan maak kanne en kanne uit hulle voorrade bymekaar en bring hulle bymekaar. Elisa stel dit duidelik in vers 3 ... *“Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie...*

Die belangrike is die kruike moet leeg wees. Daar sit iets belangrik daaragter. Die vrou het maar net een kruikie wat ook amper leeg is, sy moet baie sulke leë kruike in die hande kry. Die opdrag staan pertinent sy moet nie te min leen nie. En dan moet sy huis toe gaan, die deur agter haar toemaak en uit daardie bietjie wat sy gehad het, moet sy kruik na kruik begin volmaak. Die oorsprong waaruit alles kom lyk so min, so gering, maar wat God daarvan maak is daar nie ’n einde aan voorraad nie. Die God wat jou beker kan volmaak het baie ander bekers wat Hy kan

vul.  Die God wat nie net volmaak nie, maar wie kind van God is, word die een wat sê my beker loop oor.  Dit is wat dit beteken om deur God geseën te word.

Nogal opmerklik in die Hebreeuse taal waar ons hier lees van ’n kruikie olie dan is dit juis die priesterlike kruik wat gewoonlik gebruik is wanneer priesters die seën oor iemand gebied en die olie word uit ’n kruik oor die persoon uitgegooi.  Oor sy kop, sy baard, sy kleed, presies daardie seën wat ons so pas van gesing het, my baard oordrup en heilige kleed deurtrek ... Daar sit baie seën in ’n klein bietjie olie as God sy hand daaroor hou.  Die voorraad olie se getal is bepaal deur die hoeveelheid houers wat sy bymekaargemaak het.  Daarom was die opdrag moet nie te min leen nie.

***

En as sy haar huis ingaan dan kom die opdrag maak die deur agter jou toe.  Opmerklik hoe ons by Elia en Elisa deurgaans iets hiervan hoor, werk agter geslote deure.  Kyk maar na vv 5,21,33 weer ook in hfst. 5:9, hfst. 6:32, hfst. 9:2).  Elke keer die opdrag om die deur agter julle toe te maak.  Die wonder vind plaas maar dit is nie vir die wêreld om te sien nie.  Sensasie en dit waaragter die wêreld aangaan, die sensasionele mag nie hier gebeur nie.   Dit wat God in sy almag doen, mag nie toertjies van gemaak word nie.  Die namaak van God se almag hou die satan van om daar toorkunsies van te maak.  Die namaak van God se alwetendheid het Satan al kon misbruik vir waarsêery; die namaak van God se almag wil satan graag as towery gebruik.  So gevaarlik is die duiwel.  Die waarskuwinge in God se Woord teen towerye en waarsêery is baie duidelik.

Vir God se kinders is sy genade iets groot maar nie vir ons om mee te mors nie.  Soos die vrou se seuns die kruike aangedra het so het sy hulle volgemaak.  Kruik na kruik totdat hulle gekom het by die laaste kruik.  Toe is dit asof die kraantjie toegemaak word.  Die man van God was nie by toe die wonder gebeur het nie.  Tog het Elisa geweet wat sal gebeur al hoef hy dit nie self te sien nie.  Ons kan ons die vreugde van die vrou indink toe sy na Elisa teruggegaan het om hom te vertel wat gebeur het.  Dan is Elisa se opdrag so vol genade dat sy al daardie olie kan verkoop, haar skulde betaal en dan kan sy en haar seuns lewe van wat oorgebly het.

Geliefdes wat het so 'n wonderbaarlike gebeurtenis vir ons te sê in die lewe waarin ons lewe. Die betekenis en die genade van God lê vir ons op vele terreine hierin vervat. As ons Paulus se brief aan die Filippense lees dan lewe hy en die weduwee baie honderde jare uitmekaar. Tog is die waarheid dit wat ewig is, ook toegepas op die lewe van ons as mense. Dis asof die vrou die lewe van die brief haar eie gemaak het sonder dat sy ooit self die brief sou kon lees. As Paulus oor homself skrywe ... *12 Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. 13 Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.* Die vrou kon dieselfde woorde net sowel ook haarself uitgespreek het. Paulus praat met die gemeente in Filippi ook in sy dankbaarheid as hy skrywe ... *4 Nietemin het julle goed gedoen deur my in my moeilike omstandighede by te staan.* Op hoe 'n besondere wyse is die vrou ook op haar beurt deur Elisa bygestaan.

Die woorde in Filippense 4 vers 6 is waarby dit ook vir die weduwee gelê het- sy het in alles haar begeertes, haar nood bekend gemaak. Sy praat met Elisa maar wil sy deur hom haar nood aan God bekend maak. Die God wat in Christus oor ons die wag hou Hy is die Een wat dinge kan doen wat ons verstand te bowe kan gaan.

As iemand die wonder van die olie wat net bly loop het verstandelik wil verklaar sal nie vêr kom nie. Hierdie is inderdaad een van so baie gebeure wat ons verstand te bowe gaan. Presies die woorde van vers 7- *7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.* Dit wat ons verstand nie kan verklaar nie gaan so dikwels oor die dinge in die lewe wat regtig saak maak. In die dinge wat jy dalk mag voel ek het nie die krag of die middele meer nie om dan op die einde saam met Paulus te mag uitroep in die sekere wete - *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

Wat vir ons wel by die vrou moet uitstaan is daardie leë kanne wat sy soveel as moontlik by die bure moet gaan leen, daarin sit vir ons in die geloof 'n groot geheim opgesluit. As ek nie besef hoe leeg ek in myself is nie, ekself het niks om in roem nie, dan verstaan ek die groter deel wat God met 'n wonder soos hiérdie aan ons wil bekend maak. In Paulus se lewe was die leegmaak van homself, ons kan ook praat van selfontlediging, dit wat uitgestaan het. Dit is eintlik maar

dieselfde boodskap wat Jesus met sy eerste saligspreking in sy eerste geskrewe preek ook gesê het- *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* Ons rykdom lê so dikwels in die besef hoe arm ek in myself is.

***

In sulke omstandighede mag jy ook dalk dink my aardse probleme is so baie, dikwels voel dit onoplosbaar. In dieselfde tyd is God eintlik net besig dat ek in myself al hoe meer leeg moet word. Die vrou se seuns was reeds van haar weggeneem. Deur die wonder ontvang sy haar seuns terug maar nog baie meer as wat sy haarself nie kon indink nie. God se plan met sy kinders se lewe is dikwels ’n groter plan, selfs nog groter as die plan wat jy dalk dink op die stadium rondom jou eie lewe te beplan.

God kan al ons leë kanne volmaak. Ons kan dit ook anders stel - Alle leë kanne is by God welkom. Watter rykdom om te mag weet ek mag die leegheid van my lewe voor God neersit. Die God wat wonders doen, doen in ons tyd nie kleiner wonders nie. Die vrou se enkele flessie sluit ook weer nou aan by daardie seuntjie met die vyf brode en die twee vissies. Jesus het ’n baie groot skare daarmee gevoed. En dis nie al nie. Toe die deel wat oorgebly het daarna nog weer opgetel kon word, was daar twaalf mandjies vol. Die punt is moet nie klein dink van God se genade nie. Dit kan jou dalk op die einde duur te staan kom. God se seëninge is groter as wat ons mag dink of verwag. Tegelyk God werk op sy tyd en sy wyse. As ek nie bereid is te wag op God se tyd nie, dan misreken ek ook myself.

God het Homself in Christus volledig aan ons gegee. ’n Groter prys kan daar nie wees nie. Ook as ons vandag dink aan die Heilige Gees wat God met Pinkster oor ons uitgestort het, dan het ons nie mate daarvan nie. Die Heilige Gees is reeds volledig oor ons uitgestort. Hy is reeds volledig in die wêreld en in die lewe aan die werk. By elke bekering wat plaasvind, by elke oplossing van ’n groot krisis, by die afdroog van elke traan is die Gees sonder mate aan die werk.

Mag jou hart voor God wees soos ’n leë kruik en kyk wat kan God daarmee maak. Dit behoort die uitdaging te wees wat ons aan onsself maar ook aan mekaar behoort te stel. God se wysheid, sy heiligheid, sy krag is in alle geval iets wat nooit kan opraak nie, soos wat dit gelyk het daardie bron van olie hou nie op nie so lank die leë kanne daar was. Jakobus, Jesus se broer skryf ook in

sy brief dat julle het nie, omdat julle nie vra nie ... Ons lees hoe hy dit stel *2 Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. 3 As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig. 4 Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. 5 Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? 6 Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy:*
*"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."* Hierdie vrou se lewe getuig nie net van hoe Paulus God se genade beskryf het nie, maar beslis ook hoe Jesus se broer, daardie ouderling in Jerusalem, Jakobus, ook genoem 'n pilaar in God se kerk reguit kon praat en tog met 'n oop hart wat God se hart vir ons wil oopmaak.

AMEN